

# Les 11

Teks: Johannes 5: 30 - 47

## 1. Inleiding

Ons fokus vandag op die Jesus se getuienis. Ons het afgesluit by die Jode se aanklag oor Godslastering. Dit het gegaan oor die feit dat Jesus homself gelyk stel aan die Vader. In die verse wat ons vandag bestudeer, bevestig Jesus Sy getuienis oor die waarheid. Kom ons ondersoek hierdie moeilike teks gedeelte.

## 2. 'n Verkeerde Interpretasie

Verskeie Jode het die woorde van vers 31 in isolasie geïnterpreteer deur die jare. Dit sou dan impliseer dat wat ook al Jesus oor Homself sê 'n leuen is. Dit skep ernstige probleme. Maar tog is dit wat later keer op keer gebruik word om Christus te veroordeel en later te kruisig. 'n Voorbeeld waar dit in die besonder weer aan die beurt kom is in Johannes 8: 12 - 20

## 3. Die belangrikheid in die waarheid van Jesus se getuienis

Eerstens is dit baie belangrik dat Jesus die waarheid getuig omdat die Verlosser sondevry is, en dus nie 'n leuen kan vertel nie. Hy kan nie in die minste die negende gebod verbreek nie. Maar tweedens glo ons in die leer van die drie-eenheid dat Jesus ook self God is, en God kan nie enige vorm van die bose leuen bevat nie. Laastens glo ons dat die Verlosser ten volle mens en ook ten volle God moet wees om ons waarlik te kan verlos. En natuurlik sal die leuen nie pas by die Goddelike natuur van die verlosser dan nie.

## 4. Johannes as eksterne getuie

Dan roep Jesus eintlik die getuienis van Johannes die dooper op. Nie dat Jesus die getuienis van Johannes die dooper nodig het nie. Dit weeg immers nie op teen die getuienis van God die almagtige Vader nie. Maar selfs buite bybelse bronne bevestig dat Johannes die dooper se getuienis 'n oproer en 'n diepe messianse bewustheid veroorsaak het. Daarom die woorde dat mense wel in die lig van Johannes wou bly vir 'n rukkie. Tog was Johannes maar 'n lamp wat sy lig by die ware ligbron ontvang het. Johannes het Jesus duidelik geïdentifiseer as die lam van God. en die Gees-ervulde Seun van God.

## 5. Moses as die aanklaer.

Dit is belangrik dat Jesus nie die aanklaer is nie. Jesus is en bly die verlosser. Moses is die volk gesien as 'n intersessor. Veral in die lig van die episode met die goue kalf. Maar of Moses nou gesien word as die verlosser by die goue kalf of die verlosser in terme van die wet wat hy gebring het. Die wet wat hulle so hoog aangeskryf het. Hy sal hulle uiteindelik aankla omdat hulle nie die kern van verbondswet gehoorsaam het nie. Dit lê in die volgende: 'n nougesette nakoming van die wet bring mense tot hoop op verlossing in die wet self, en die hoop op die Messias word verwerp, Die Messias waarna die wet heen gewys het, dan moet die wet self en sy menslike skrywer Moses veroordelend staan.

## 6. Die ware verstaan van Moses en Jesus

Die opposisie teen Jesus bou op in die Johannes evangelie en sal uiteindelik in die kruisiging eindig. Ironies op grond van die wet self. Maar vir ons as leser van die Johannes evangelie is daar die uitnodiging om te glo in Jesus en die wet van Moses soos wat die Jode om Jesus nie kon nie.

## 7. Teksverwysings

1. Eksodus 32:30 - 32
2. Deuteronomium 18:15
3. Matteus 11: 7 - 15
4. Lukas 16:31
5. Johannes 3:16
6. Johannes 8: 12 - 20

## 8. Vrae

1. Word getuigenis vandag aanvaar wanneer dit deur 'n persoon oor homself gegee word? , verduidelik waarom dit anders is met Christus?
2. Wat is die belang in die sondeloosheid van Christus vir ons?
3. Verduidelik die plek van Moses en die wet vandag?
4. Waarom sê ons Christus het gekom om te verlos en nie te oordeel nie?
5. Watter dade van Christus bewys dat Hy die Verlosser is?

## 9. Bronne

1. Carson, D. A. (1991). [\*The Gospel according to John\*](#). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.